

## Rut 2 – Die wêreld van die teks en die wêreld agter die teks

### 1. Die struktuur van Rut 2

Fokus rondom dialoog en verhaal narratief.

<b>2:1</b>	<b>Inleiding</b>	Boas, familielid van Elimeleg
2:2-3	A	Rut en Naomi
2:4-7	B	Boas en die snyers
<b>2:8-15a</b>	<b>C</b>	<b>Boas en Rut</b>
2:15b-16	B	Boas en die snyers
2:17-18		Rut se optrede
2:19-22	A	Naomi en Rut
2:23	Samevatting	Rut bly by Naomi tot na die gars- en koringoes (April – Junie)

### 2. Die wêreld agter die teks van Rut

Die wêreld van rein-onrein, eer-skande, beperkte goedere en die “evil eye”. Die eer van Naomi word herstel deur ‘n familielid.

Stam en familie (huis van vader).

Die naam Boas kom net in Rut voor. Boas beteken: In-hom-is-krag. Boas is vêrlangs familie van Naomi. Boas ‘n ryk man met grond, ‘n man met mag en wat aandui hoe ‘n mens optree teenoor die magteloses (weduwee, wees, hulle sonder familie, sonder grond, sonder lossers, uitgelewer aan die optrede van mense). Let op hoe hy Rut hanteer – ‘n jong meisie, dogter en nie soos ‘n diensmeisie nie. Rut kon moontlik as gevolg van weerlose sosiale status blootgestel wees aan die “molestering” (2:22) deur mans omdat sy alleen as vrou en vreemdeling rondbeweeg sonder ‘n lossers of beskermheer (patronaat).

Die behandeling van die arme, vreemdeling, weduwee en wese en die optel van are op die wenakkers (Lev. 19:9-10; 23:22; Deut. 24:19 - die Tora en die Geskrifte - Spr. 14:31; 19:17) in die Ou Testament.

Die behandeling van die vreemdeling: Liefhê, kos en klere gee, omdat jyself ‘n vreemdeling in Egipte was (Deut. 10:18-19).

Die rol en hantering van buitelanders (vreemdelinge) in Rut teenoor Esra 10, Nehemia 13:1-2 en Deut. 23:3-4.

Die term “vreemdeling” kon dui op ‘n Israeliet wat onbekend aan ‘n bepaalde Israelitiese gemeenskap was. In Rut dui die term “vreemdeling” op ‘n buitelanders. Rut as ‘n Moabiet. Die positiewe hantering van ‘n buitelanders in die post-eksiliese geloofsgemeenskap van Rut teenoor die Esra-Nehemia post-eksiliese geloofsgemeenskap (Esra 2:10,11,14,17,18,44; Neh. 13:27-30). ‘n Vreemdeling, ‘n Moabiet, Rut, word op Boas, ‘n Jood, se land toegelaat, aanvaar as familie. Boas tree op as lossers, beskermheer (patronaat).

Die Hebreeuse woord vir optel (*lkt*), hou verband met die optel van manna in Eksodus 16.

‘n Moabiet, Rut, betoon gasvryheid teenoor ‘n Jood, Naomi kontra Deut. 23:4. In Naomi se “woestyn” voorsien sy kos en gasvryheid.

Rut skuil onder Jahwe se vleuels. Rut kies Jahwe as God en nie die gode van Moab, Kemos, nie. In Deut. 13:7b word die geloofsgemeenskap van Jahwe gewaarsku om nie die gode te dien wat hulle nie ken nie. Rut verlaat die gode van Moab en haar familie om onder Jahwe se vleuels te skuil (kontra die Moabitiese vroue van Num. 25:1-3).

Die verskillende situasies waaruit familie mede-familie loskoop of as lossers opgetree het.

Die loskoop van familiegrond wat deur verarming verloor is (Lev. 25:25).

Die loskoop uit slawerny (Lev 25:47 ev).

Die bloedwraak uitvoer (eer-skande – Deut. 19 – die asielstede- Jos. 20:1-9).

Die lossers- en leviraatshuwelik (Deut. 25:5-10).

## **Rut 1:1**

Boas, ‘n famielid (verstaan soos in “clan” – uitgebreide familie). In ander plekke in die Ou Testament staan die woord “vermoënde man” in militêre konteks (Rig. 6:12) of “capable man” (1 Sam. 9:1). Boas is familie van Naomi. Boas, in-hom-is-krag, is ‘n ryk man met grond. Boas was ‘n magtige man met baie invloed en hoë sosiale status in Betlehem. Heelwaarskynlik groot kommunale grond en elke persoon ontvang ‘n gedeelte om te bewerk.

## **Rut 2:2-3**

Die verteller herinner ons weer dat Rut ‘n Moabiet is. Let op die verskille in vertalings van NAV en DV. Die DV vertaal die Hebreeus “en soos die geluk dit wou hê” en die NAV vertaal “uitgekóm by die deel”. Wat gebeur hier? Speel Spr. 16:33, 1 Sam. 6:9 ‘n rol? Die meester-verklaardes vertolk dit dat dit nie net Rut se toedoen is nie, maar dat God se hand agter die gebeure staan (God se voorsienigheid). Sien inleiding by Rut 2 oor die optel van

die are. Kyk na Naomi se aanspreekvorm: My dogter. Die verteller berei ons voor vir die koms van Boas, die deel van die land wat aan Boas behoort het (sien ook inleiding by Rut 2) en ook dat Boas familie van Elimeleg is (een van die lossers). So ontknoop die verteller die verhaal deur elke karakter stuk-vir-stuk in te lei en spanning op te bou.

### **Rut 2:4-7**

Boas en die snyers se dialoog. Boas kom van Betlehem. Hy vra die voorman (Heb. “jong man”) wie die jong vrou (Heb die vroulike verbuiging van die woord jong man) is. Volgens die Ou Testament het sy reg om are op tel as vreemdeling, weduwee (sien agtergrond Rut 2), maar nogtans vra sy toestemming. Hoekom? Die voorman bevestig weer haar vreemdelingskap (Moabiet). Hou Boas se vraag verband met patronaatskap (“patron”) of berei die verteller van Rut die spanning op? Gaan Boas as lossers optree? Gaan hy as man met mag (in gesagsposisie weens rykdom en beskermheer van familie), mag misbruik oor die weerlose of hom ontferm oor die weerlose en eer aan haar en haar familie bring?

### **Rut 2:8-15A**

Die dialoog tussen Boas en Rut. Ons ontmoet Boas – die hoof van ‘n familie en ‘n welvarende man. Let op die aanspreekvorm – “my dogter” en Boas hanteer Rut nie soos slavin nie (2:13) of buitelanders nie, maar as diensmeisie en mede-vrouewerker. Dit beantwoord retoriese vrae by 2:4-7 deur opsteller. Boas hanteer Rut nie as buitestaander nie, maar trek haar in by sy vrouewerkers. Boas begin soos patronaat optree: Sy (as vreemdeling) geniet dieselfde regte as sy vrouewerkers, sy tel are op op sy land (beteken veiligheid – sien Kobus se verklaring op p. 19 – “nie op ander land aanvaar word nie”), sy mag sy water drink, niemand van die werkersmag mag haar lastig val nie (alleenlopende vroue uitgelewer aan mans). As persoon in magsposisie buit Boas nie uit nie, maar leef volgens voorskrif van die Tora. Vrouewerkers en manlike werkers kom van dieselfde woordstam – *near*. Die “*are optel (lkt)*” is dieselfde Hebreeuse woord om manna op te tel (Eks. 16). God voorsien. God se hand voorsien deur Boas.

Boas is bewus van Rut se optrede teenoor Naomi. Rut verlaat haar land en gode en kom skuil onder die vleuels van Jahwe en per implikasie Jahwe se geloofsgemeenskap (kontra Num. 25:1-3). Die Moabiet kies Jahwe (kontra Deut. 23:2-3) en verlei nie agter ander gode (Num. 25:1-3) of verlei om ander gode te aanbid wat hulle nie ken nie (Deut. 13:7b). Die gedagte van ‘n god se vleuels onder wie jy skuil ‘n bekende antieke gedagte (Othmar Keel). God se vleuels (Deut. 32:11 en Jes. 31:5).

Let op Rut se aanspreekvorm: Meneer (*Adonai*). Rut eet van sy kos en Boas bedien haar. Die kos van brood en gebraaide koring is tradisionele kos van daardie tyd. “Asynsous” is heelwaarskynlik ‘n tipe “wynsous” (die Nasireners word verbied om hierdie wynsous te drink – Lev. 6:3; in Ps. 69:22 is dit ‘n tipe gif) waarin kos gedoop word. Let op die dinamika van die vertaling van 2:13: Meneer-diensmeisie-slavin (DV) en meneer-goed voel-slavin (NAV).

God se vleuels oor Israeliet en Moabiet – almal.

Opmerking: Die seëngroet van die snyers in 2:4 ‘n bevestiging van verbondsbelofte aan Abraham – in jou en deur jou nasies seën (Gen. 12).

### **Rut 2:15b-16**

Dialogo tussen Boas en snyers. Boas bevestig net weer sy patronaatskap teenoor Rut aan die snyers: Sy mag van hopies optel en hulle moet uit bondels are uittrek en laat val sodat sy kan optel (sien weer agtergrond Rut 2). Hulle mag haar nie verneder of uitskel nie.

### **Rut 2:17-18**

Rut se optrede. Eva ‘n Egiptiese leenwoord wat 13-25 kg aandui. Genoeg om 50 soldate kos te gee, donkievrag vir dag. Metafories: oorvloedige voorsienigheid. Boas sien leë hande van vreemdeling en vul hulle hande. God sien leë hande en voorsien deur Boas.

### **Rut 2:19-22**

Dialogo tussen Naomi en Rut. In die gesprek is die volgende gedagtes belangrik: Boas, lossers, verbondstrou (*hesed*), molestee, die lewendes en die dooies.

Naomi beskryf Jahwe in Rut 1 as teen my (1:13), bitter gemaak (1:20), leeg laat terugkom (1:21), Teenstander (1:21) en kwaad aandoen (1:21). Nou word Jahwe beskryf as getrou aan sy verbondsliefde (*hesed*). Sy verbondsliefde strek oor die dood heen (Elimeleg, Maglon en Kiljon) en dat Jahwe nou aan Rut en Naomi as lewendes ‘n lossers gee in die persoon van Boas. Naomi begin die momentum skeep van Boas as lossers omdat hy familie van Naomi is.

Vir lossers sien wêreld agter die teks. In Rut heelwaarskynlik die leviraatsverantwoordelikheid.

Oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat vertaal word met “molestee” is daar verskillende interpretasies. Sommige verklaar dat dit sou beteken dat as Rut na ‘n ander oesland gaan, sy daar nie aanvaar sal word nie omdat hulle haar nie ken nie. Ander verklaarders hou by “molestee” en verstaan dit teen die agtergrond van vroue wat weerloos geword het as gevolg van weduweeskop en geen ander manlike familieledes wat as “patrons”

kon optree om hulle eer te beskerm nie. Hulle is maklik aangerand of aangeval. Boonop is Rut nog 'n uitlander. Teen agtergrond van lg. verklaring maak dit sin omdat Boas as “beskermheer” (“patron”) optree, want sy is deel van sy vrouewerkers en staan onder sy beskerming.

### **Rut 2:23**

Samevatting. Rut bly by skoonma. Boas gee sekuriteit van kos want Rut mag nog aanbly tot einde van koringoes. Sekuriteit van April tot Junie. Uitlanders en geloofsgemeenskap het vol hande kos.

### **Interpretasie Hoofstuk 2**

- Wat is losserskap in 2018? Hoe ver strek my familie-verantwoordelikhede?
- Geseënd om ander te seën. My geld, tyd, kennis, gawes in God se koninkryk.
- Die verbondstrou van God – altwee Testamente.
- Vreemdelinge haat en ontvangs van vreemdelinge.
- Die kerk se rol in die lewe van die gemarginaliseerdes in ons samelewing.
- Die rol van eienaarskap en die verantwoordelikheid van eienaarskap.
- Die rol van mag in die samelewing
- Hoe oop is “ons geloofsgemeenskap”?
- Samewerking met die Gift of the givers?
- Joh. 4 en Rut.
- Rut en Judas Iskariot.
- Dissipelskap (Mat. 16:24-28; Mrk. 8:34-9:1; Luk. 9:23-27; 14:25-33).
- Die Shema (Deut. 6:4-6) en naaste liefde (Lev. 19:18) as lewenswyse.